ABULON HOLDINGS BEPERK

Registrasienommer: 1997/019771/06

("die Maatskappy")

KENNISGEWING VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

KENNIS word hiermee gegee dat 'n spesiale algemene vergadering van die Maatskappy op Dinsdag, 26 Mei 2009, om 10:00 A.M in die Oakdale Klub, Bloemhof Straat 80A, Oakdale, Bellville gehou sal word met die doel om die volgende resolusie as 'n spesiale resolusie voor te stel en indien goedgekeur, die voorgestelde spesiale resolusie te aanvaar met of sonder wysiging:

Resolusie

Dat die Maatskappy vrywilliglik ontbind word met onmiddellike effek op aandrang van die lede ingevolge Artikel 350 van die Maatskappywet 61 van 1973

Die effek van die voorgestelde spesiale resolusie is dat die Maatskappy hierna ontbind word op aandrang van die lede.

Redes vir die Resolusie

Soos aandeelhouers reeds weet, is 'n fungus op die plaas ontdek gedurende 2007 en alhoewel deskundiges baie gedoen het om dit te isoleer en die presiese aard daarvan vas te stel, kon die situasie nie beredder word nie alhoewel korrekte boerdery metodes deur die Maatskappy die fungus beheer en die impak daarvan verminder het. As gevolg van die fungus het Mariene en Kusbestuur streng voorwaardes aan die Maatskappy se permit gekoppel en is basies verwag dat die plaas ontvolk word sodat die hele plaas en infrastruktuur gedisinfekteer kon word en braak gelê kan word vir 'n tydperk van ses weke. Hierdie ontvolkingsprogram is gevolg en die Maatskappy het sy bes gedoen om die opbrengs te maksimeer wat noemenswaardige inkomste vir die Maatskappy gegenereer het. Die ontvolkingsprogram sal voltooi wees teen einde van April 2009. Weens die ontvolking en die teenwoordigheid van die fungus is pogings aangewend om 'n nuwe standplaas vir die plaas te vind en sekere opsies is geïdentifiseer.

Nadat bestuur alle moontlike opsies oorweeg het en toepaslike advies ingewin het, is daar drie opsies en aandeelhouers moet besluit watter strategie om te volg. Die opsies is as volg:

1. Herbevolk die huidige plaas nadat die ontvolkingsproses voltooi is, ontsmetting plaasgevind het en die 6 weke braakperiode verby is;
2. Ontwikkel ‘n nuwe plaas in terme van ‘n samewerkingsooreenkoms met Paternoster Visserye.
3. Gaan voort met ‘n vrywillige ontbinding van die Maatskappy in terme van Artikel 350 van die Maatskappyewet en vereffen alle uitstaande skulde. Betaal aan aandeelhouers die reserwes beskikbaar uit opgehoopte netto handelswins, fondse uit die verkoop van vaste en bedryfsbates in die Maatskappy en opbrengste uit die verkoop van die huidige verlies in die Maatskappy.

NEEM VERDER KENNIS dat ‘n Lid van die Maatskappy wat geregtig is om ‘n vergadering van die Maatskappy by te woon en te stem die reg het om ‘n gevolmagtigde te benoem om enige vergadering van die Maatskappy by te woon, te praat en te stem in sy/haar plek. ’n Gevolmagtigde hoef nie ‘n lid van die Maatskappy te wees nie.

NEEM VERDER KENNIS dat die dokument in terme waarvan die gevolmagtigde aangestel word en die volmag of ander magtiging, indien enige, waaronder dit geteken is of ‘n notarieel gesertifiseerde afskrif van so ‘n volmag gestuur moet word aan Posbus 6207, Roggebaai, 8012 (Faks: 021 439 5473) voor die aanvang van die vergadering waartydens die persoon genoem in die dokument sal stem, by gebreke waaraan die volmag as ongeldig beskou sal word.

In opdrag van die raad van direkteure.

_____
JP Human
Maatskappy Sekretaris
30 April 2009